- JOHNSTON SERPE . . 7/6
- PALM BEACH DASSE . 5/9
- AMERIKAANSE OORTREKJERSIES

DIE EIKESTADWINKEL (EDMS.) BPK.

- Onthou ons Snyersafdeling in CUTHBERT se Geboue.

# DIE Matie

H. VILJOEN
PLEINSTRAAT
vir
GLOEILAMPIES
en alle
ELEKTRIESE
BENODIGDHEDE

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
21 MAR 1949
UNIVERSITY LIBRARY

STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT. ORGAAN VAN A.N.S.-TAK.

DEEL I. No. 13. VRYDAG, 16 AUGUSTUS 1946 Prys 1d.

# FAMILIENAME OP STELLENBOSCH

## Wat die Kantoor Se Naamlyste Openbaar

**Voordat daar nog strate was, ja selfs voordat daar stede was, was daar mos geen nood aan vanne nie. Toe was almal sommer aan almal bekend vanweë hulle gesigte of miskien rooi hare. Dit was nog in die goeie ou tyd toe sê-maar-Piet vir sê-maar-Meraai wou hê. Daar was nie sprake van mooipraatjies of Meraaitjie nie. Nou sou 'n mens wonder hoe hulle mekaar dan geroep het, — maar sodanige navorsing laat ek aan my vrinne, die studente van die klassieke.**

### DIE VAN DER MERWE'S LOOP VOOR

Dit het my al genoeg hoofbrekens besorg om maar net die algemeenste vanne onder onsies na te spoor, om na te gaan wie dan nou eintlik die bo-toon in hierdie opsig voer. Laat my dan ook sommer sê dat die Van der Merrels los voorloop! Onder hulle tel dan ook natuurlik 'n paar aspirant-sielkundiges wat dan ook baie genoeë daarin skep om hulle maats te ontleed (sielkundig natuurlik). Maar hier gaan dit nie soseer oor hulle nie, maar oor vanne. In die verbygaan kan ons aanstip dat daar nie minder as 273 is by wie die uiters gemaklike en platvloerse *Vên* of *Vênnie* van pas is nie. Die Du Toits is sommer 'n dik klomp om nie te praat van die Van Zyls nie. Die Marais' en Smits is ook byna legio en in byna gelyke getalle tref ons die Viljes aan.

Die aantal tradisionele Afrikaanse vanne soos die Steyns en Jouberts wemel hier. Die Louws, Le Rouxs en Du Plessisse is vir sover dit getalle betref, gelykstaande — maar net in getalle hoor, ek sê niks verder nie. Ons is ook baie gelukkig om in ons geledere te hê, nie minder as twee-en-twintig Viljoens nie .

### IN EGIPTE

Familiename, soos sommige mense dit sou noem, is natuurlik almal vanuit Egipte afkomstig en is per slot van rekening maar net 'n ander vorm van snobisme, of miskien is dit die menslike drang na individualisme, wie sou kon sê? By die Egiptenare is die saak vanweë sy eenvoudigheid vir ons van die Westerse beskawing nog meer ingewikkeld. Hulle ken nie so iets soos familiename nie, dus vind mens dit moeilik om die bakens van die een familie te skei van dié van 'n ander. Daar is dit net voorname wat van belang is; vanne is nie juis in tel nie.

So gebeur dit soms dat daar een of meer Abdul in dieselfde gesin is. Voorname volg dan ook in strenge orde. Die vorstelike huislede se name moet dan almal met die letter F begin, maar hier is ook geen sprake van 'n familienaam nie.

Maar om weer terug te kom na Suid-Afrika, en die res van die wêreld! Waarom moet die arme veronregte vrou soms haar mooi en trotse familienaam prysgee om met 'n naam soos....nee wag, ek kan dalk moeilikheid kry. In elk geval waarom kan sy nie haar eie van behou nie? Waarom kan 'n mens nie sommer net 'n voornaam hê sonder al die bekommernis van 'n familienaam nie? Dink net hoe moeilik dit vir die administrasie sou wees, om ons op te spoor wanneer rekenings vereffen moet word! Weg met vanne sê ek, ek wil 'n man sommer ken aan sy naam, ek ken hom dan ook baie beter. Die gewoonte om 'n man op sy van aan te spreek, klink so koud en sê maar formeel. Daar is iets warms in 'n voornaam; dit het amper die waarde van 'n stewige handdruk. Ek hou daarvan om sommer vir 'n man Piet of Gerjo te sê, vergeet maar die Botha en die Van der Merwe.

(Vervolg in volgende kol.)

## Heldedagkomitee

Die komitee wat vanjaar verantwoordelik is vir die Heldedagviering, bestaan uit die volgende lede: Mnr. Jan van Graan (voors.), mejj. Isobelle Murray en Rykie v. Schalkwyk, mnre. J. Oglethorpe, M. L. van As, Kobus van Eeden, Hennie Marais en Jan de Villiers. Proff. Meiring en Schumann en mev. H. P. Dekker verteenwoordig die RDB. en mnr. Fourie (Eikestadwinkel) die Federasie van blanke werkers. Mev. Dreyer van Huis-de-Villiers staan die komitee baie aktief by in adviserende hoedanigheid.

## Vier Nuwe Lede Vir V.S.R.

Hoewel die amptelike bekragtiging nog nie geskied het nie, is die uitslag van die pas-afgelope V.S.R.-tussenverkiesing soos volg:

Jan van Graan, Dawid van der Merwe, mej. Elsa van der Merwe en Piet Delport.

Daar is egter sprake dat die verkiesing ongeldig verklaar mag word vanweë besware van konstitisionele aard.

*„Die Matie" wil sy lesers aanmaan om tog die monstervergadering by te woon sodat die saak wat al 'n paar weke sloer, nou kan afgehandel word.*

# WEER 'N GLORIERYKE HELDEDAGVIERING?

**Of die Heldedagviering van 1946 een van die uitstaande momente op Stellenbosch sal wees, hang net van die ondersteuning en belangstelling van die studentegemeenskap af. Die samestelling van die program hou die grootste moontlikhede in; Heldedag moet 'n massavertoning wees, en met die regmatige entoesiasme van die kant van elke Afrikaner — student en lid van die publiek — kan Stellenbosch vanjaar toon dat dit ons erns is met ons heldeverering en ons aandrang en aanspraak op 'n eie Afrikaanse nasionale vakansiedag! Laat ons ons nou reeds voorberei op 'n kragmonstering op 10 Oktober.**

Die volgende vanne kom die meeste voor in ons studentegemeenskap. (Die getal ingeskerwe studente word na elke van geplaas):

| | |
|---|---|
| Van der Merwe | 54 |
| Du Toit | 37 |
| Van Zyl | 35 |
| Marais | 33 |
| Smit | 33 |
| De Villiers | 32 |
| Steyn | 29 |
| Joubert | 25 |
| Louw | 24 |
| Du Plessis | 24 |
| Le Roux | 24 |
| Botha | 23 |
| Viljoen | 22 |
| Nel | 19 |
| Van Niekerk | 17 |
| Van der Westhuizen | 17 |
| De Wet | 16 |
| Fourie | 16 |
| Lombard | 16 |
| Pretorius | 16 |
| De Kock | 15 |
| Burger | 15 |
| Theron | 15 |

## Optog

Die optog sal gelei word deur 'n vlot wat die bekende woorde van president Paul Kruger: „Neem uit die verlede al wat goed en edel is en bou die toekoms daarop," simboliseer. Dan sal 'n reeks ander vlotte volg, die aard waarvan later bekendgemaak sal word.

Op Coetzenburg sal die nodige verduidelikende kommentaar gelewer word.

Die oggendverrigtinge sal dan geopen word met Skriflesing deur prof. Jac. J. Muller, en daarna sal die feesredenaar, die bekende Afrikaanse letterkundige, dr. W. J. du P. Erlank (Eitemal), optree.

Geen middagprogram word gereël nie, en in die aand sal daar geen toesprake wees nie. Die aandprogram neem dan die vorm aan van tableau-voorstellings bygestaan deur die Universiteitskoor, in 'n opvoering van „Die Dieper Reg" van N. P. van Wyk Louw.

Besoek DIE UITSPAN
Waar die atmosfeer rustig is, die bediening beleefd en flink,
die spyse — vanaf 'n koppie koffie tot 'n volledige maaltyd —
smaakvol aantreklik en goedkoop - - -
DIE UITSPAN is 'n besoek werd!

**Die Plaza**

Foon 0013

AND THE ANGELS SING!!!

*DOROTHY LAMOUR*
*BETTY HUTTON*
*FRED MacMURRAY*

**Vrydag en Saterdag 17 Aug.**
**Aand om 8 uur n.m.**
**Matinee om 3 uur n.m.**

Gestig 1850

Foon 24

**APTEKERS**

**JOERNING EN SEUN**

**(EIENS.) BPK.,**

**Hoek van**
**Bird- en Pleinstraat,**
**STELLENBOSCH**

***Weer In Voorraad***

Dragonwyck — Anya Seton .. 9/6

My Theodosia — Any Seton .. 9/6

The Marriage of Josephine — Marjorie Coryn 10/6

•

**DIE C.S.V. BOEKHANDEL**

**Pleinstraat**
**STELLENBOSCH**

**R. MÜLLER**

*DIE VERNAAMSTE FIRMA*
vir . . .

**KLAVIERE**
**ORRELS**
**MUSIEKINSTRUMENTE**
in die algemeen.

*Musikale Benodigdhede*
*BOEK en BLADMUSIEK*

Ons spesialiseer in Musiekhandel en maak aanspraak daarop dat ons voorrade die grootste verskeidenheid bied, die volledigste is en altyd die nuutste insluit.

•

**R. MÜLLER**

(Eiens.) Bpk.

**Pleinstraat STELLENBOSCH**

# „DIE MATIE”

**Alle Korrespondensie aan:—**
G. J. ROUX, Hoofredakteur,
Rowanstraat, Stellenbosch.
Assistent-Redakteur: PIET DELPORT.
Nuus-Redakteur: M. VAN TONDER.
Sport-Redakteur: A. CALITZ.
Sosiale-Redaktriese: ELSINE POTGIETER.
Tegniese Redakteur: LOUW KUHN.
Add. Lede: Bonnie Engel, Evert Potgieter en D. Carse.

**VRYDAG, 16 AUGUSTUS 1946**

## „Op U Almag Vas Vertrouend Het Ons Vadere Gebou”

**Daar word weer voorbereidings getref vir die viering van Heldedag. Die skole word nie „belas” met hierdie reelings nie, omdat hulle „base” daardie groot dag pypkan met 'n week langer vakansie. Die Afrikanerkind mag nie Heldedag en Volksplantingsdag en soveel ander groot dae in sy geskiedenis feestelik herdenk nie — dan het hy nie genoeg lojaliteit teenoor die Britse koning en koningin Victoria se verjaardae nie.**

Die Afrikaner bly nog baie verskuldig teenoor sy voorgeslagte!

*Maar hoe is dit gesteld met Volksfeesdae wat reeds gevier word? Laat ons maar net dink aan Dingaansdag — byna die enigste algemeenerkende Afrikanervolksfeesdag. Eerstens, is dit u feesdag?*

*Op die vooraand van die slag van Bloedrivier is 'n klein klompie Afrikaners in verootmoediging voor hul Heer en Meester. In 'n woeste wêreld is hulle bewus van hul nietigheid. Hulle roep tot Hom om hulp en leiding. 'n Heilige gelofte word voor Hom gedoen. As Hy aan hulle die oorwinning skenk, sal hulle en hul nageslagte daardie dag herdenk „als een Dankdag, zooals een Sabbat.”*

Die Vader het gehoor. Aan hulle het Hy die oorwinning gegee.

En Dingaansfees vandag? — Volkspele, braaivleis, jukskei, danspartye! ens. Ja, selfs die feesredes — opruiende toesprake, verering van die mense se dade en selfs politieke uitbarstings!

**Het ons vergeet? Ons voorvaders was in 'n groot benoudheid. God het hulle daar uitgehelp. Sy deel van die „kontrak” het Hy uitgevoer — wat van ons deel?**

*„Laat dit ons erns wees.” Laat ons die saak met ons self uitmaak of ons nie ook hier nog baie aan ons voorouers verskuldig is nie.*

**Dingaansdag — 'n dag van dank en verootmoediging. Eers dan kan ons die stryd aanknoop om al ons ander Volksfeesdae tot hul reg te laat kom.**

## Diplomakursus Vir Onderwyser-Voorligters

### NUWE KURSUS INGESTEL

**Andermaal neem die Universiteit van Stellenbosch die voortou met die instelling van 'n nuwe kursus — dié keer in BEROEPSVOORLIGTING — met ingang 1947.**

Die kursus sluit in lesings, seminaar en praktiese werk in alle moontlike aspekte van Beroepsvoorligting, o.a.:

(a) Maatskaplike en ekonomiese ontwikkelingstendense en vooruitsigte.
(b) Ekonomiese en maatskaplike vraagstukke.
(c) Gevalle Studie-metode.
(d) Arbeidswetgewing.
(e) Vaardighede en Vaardigheidsmeting.
(f) Beroepsinligting.
(g) Die Onderwysstelsel in Suid-Afrika.
(h) Die menslike persoonlikheid en sy probleme.
(i) Die beginsels en praktyk van beroepsvoorligting.
(j) Personeelbeheer in die nywerhede.

**Toelating tot die kursus sal beperk wees tot onderwysers wat in besit is van die S.O.D., H.P.O.D. of Primêre Onderwys-Sertifikaat of -Diploma en wat minstens drie jaar onderwysondervinding het.**

Die aantal sal beperk word tot 25 en voorkeur sal aan gegradueerde studente gegee word.

Vir salarisdoeleindes word hierdie kursus as een jaar goedgekeurde studie erken.

## Dames-Studente-Vereniging

### WERKSAAMHEDE GEDURENDE DIE AFGELOPE VYF JAAR

Die D.S.V. is reeds in Oktober 1921 gestig onder die naam van Vrouestudentebond. Die eerste Presidente was mej. Marguerite Murray, tans lektriese in Afrikaans aan die Universiteit van Kaapstad. Ander stigterslede was mejj. B. Schoombee, S. du Plessis, H. Voigts en C. Vermeulen.

Die doel van die V.S.B. sou wees om die belange van die vrou te bespreek.

Interessante lesings is gehou deur dr. Basson, dr. Chubb, dr. Reinecke. Na 6 maande word 'n nuwe bestuur gekies, met mej. B. Schoombee as presidente.

Die aktiwiteite is uitgebrei tot die bevordering van damestudente se regte, b.v. die reëlings van koshuisbelange. Hulle ideale was baie hoog soos blyk uit die volgende: „Ons Bond kan so groot en magtig word, kan so'n verreikende invloed hê in ons land. Dink net daaraan dat ons hier die hoogsontwikkelde seksie van die vroue van ons land het, die vroue wat op alle gebiede van die lewe die leiding gaan neem; wat 'n verdienste sal dit nie vir ons Bond wees om daartoe mee te help om die leidsters te bekwaam vir hulle taak nie.”

Aan die einde van 1925 begin die beweging te kwyn daar die opkoms van die lede baie treurig was. Mej. Erika Theron red egter weer die posisie deur haar bekwame leiding as presidente in 1927.

In 1934 verander die V.S.B. na die Dame-studentebond. Gereeld is daar Maandae D.S.B.-byeenkomste gehou. Die vergaderings is beurtelings by die verskillende koshuise gehou. Na die vergaderings is verversings bedien en kon die dames nader kennis maak met mekaar. Die doel en strewe van die D.S.B. is dieselfde as die V.S.B. Daar word nou o.a. meer aandag gewy aan sake van algemene belang. Dr. Con de Villiers het b.v. etlike lesings gehou oor musiek, terwyl dr. Schoemann weer die ekonomiese sy van die lewe bespreek het.

Deurdat daar meer verenigings te voorskyn gekom het, het die D.S.B. egter begin kwyn en dit loop dood op 10 Junie 1940 toe die laaste vergadering gehou is.

Lede wat leiding geneem het in die D.S.B.: Presidente: mej. Hettie Murray; voorsitster: mej. H. Odendaal; Vise-Voors. mej. C. Lombaard; ander lede: mejj. E. Steyn en K. Stander.

In 1944 het die vereniging herleef as die Dame-Studentevereniging.

Mej. Wilkens het die vergadering op 20 April geopen met 'n welkomswoord aan dr. Meiring en die lede. E.g. lewer 'n interessante lesing oor die vraag: „Het die vroue hul onafhanklikheid van oordeel verloor?” Die bydrae en o.a. ook die manlike en vroulike siele-elemente van die ideale karakter word bespreek. 'n Nuwe Bestuur word gekies en bestaan uit die volgende dames:—

Voorsitster: mej. Martina Roos; sekretaresse: mej. Ria Tomlinsin; Tesouriere: Rona Cadle.

(Vervolg op bls. 5, kol. 3)

**Rook Springbok-Sigarette**

# Arbeidsdiensgedagte Groei Saam Met Die Matie

## Vat Pos Ook Buite A.N.S.-Kringe

„Die arbeid moet verrig word met algehele uitsluiting van persoonlike belang. Die arbeid om die arbeid self — die bevrediging wat die arbeid, die dienslewering, self verskaf . . . . Die handearbeid wat die student verrig moet dien om hom ten volle sy plek as arbeider in die organiese volksgemeenskap te laat aanvoel; hy moet besef dat daar binne die volk geen wesenlike verskil is tussen hom en die gewone voltydse handearbeider nie, hoewel hy sy arbeid op 'n ander lewensterrein vervul en sal vervul na voltooiing van sy studie'' — *Die Matie*, 4 Mei 1945.

Dit is die nuwere vertolking wat *Die Matie* vyf jaar lank aan die gedagte van arbeidsdiens gegee het. Dit is dan ook geen toeval nie dat daardie bepaalde gedagte saam met *Die Matie* gegroei het en deeglik ingeslaan het selfs by persone en groepe wat aanvanklik baie skepties teenoor die grootse idealisme van die nuwere arbeid soos deur die A.N.S. vertolk, gestaan het.

In vyf bestaansjare het *Die Matie* konsekwent gestaan in die propagering van dié gedagte, en die arbeidsbewustheid van Stellenbosch is dan ook in geen geringe mate hieraan te danke nie.

Die eerste arbeidsdiens-reëling is waargeneem deur die plaaslike A.N.S.-tak. Spoedig was dit egter duidelik dat die organisatoriese en dissiplinêre karaktertrekke van die Ossewabrandwag die behartiging van die funksie miskien meer natuurlik onder dié beweging laat inval. Die Arbeidsfront het tot stand gekom, en sedertdien is slegs die hoogste lof verdien vir die gees van diens wat veral deur kampe opgebou is, en wat vele wat buite die O.B. of A.N.S. staan, ewe-eens geïnspireer het.

Na aanleiding van 'n besoek aan die Arbeidskamp wat vanaf 18 Nov. tot 2 Des. 1943 in Franschhoek plaasgevind het, het die bekende geneesheer, dr. F. D. du T. van Zyl, o.a. in 'n persoonlike brief geskryf: „Die gees van offer en diensvaardigheid wat daar openbaar word, spreek boekdele vir die opregtheid van hart waaruit dit spruit. 'n Groep jong manne en vroue wat so 'n behae daarin skep om te dien, is besig om vir hulleself 'n baie vrugbare toekoms te skep."

### Die Prestasie

Hierdie arbeidsdiensgedagte het veral uiting gevind, naas persoonlike uitbouing, inspirasie en veredeling, in 'n elftal arbeidsdienskampe wat 'n aanvang geneem het in September 1942. Die vakansie is gewy aan die regmaak van 'n kampterrein op Blauwklip, die bekende plaas van oom Willie de Waal, waar menige aangename kamp daarna reeds plaasgevind het. Menige pleknaam is vir oud-kampeerders onuitwisbare geheuebakens van genotvolle vakansie, troue diens, aangename vriendskap, stipte ordelikheid. Blauwklip, By-den-weg, La Provence, Franschhoek, Wemmershoek, Tulbagh, Paarl.

### Ander

Die feit dat ook ander organisasies die arbeidsdiensgedagte aangegryp het, dat dit in die jongste tyd tot landswye omvang, met staatsteun, gegroei het, is slegs 'n bron van diepste vreugde vir *Die Matie*. Vyf jaar lank is die gedagte onverpoosd verkondig, nog lank sal dit 'n belangrike plek inneem in *Die Matie*, want dit vorm 'n wesenlike bestanddeel van daardie grotere organiese gedagte wat *Die Matie* getrou gedra en gedien het.

### „Matie"-diens

*Die Matie* self was 'n stukkie arbeidsdiens in die suiwerste, getrouste vorm. Daar is slegs inspanning gevra; geen geldloon nie. — Die hoogste geldloon sou laer wees as die ware vergoeding van *Die Matie* self; die vreugde van die diens aan die mens en aan die saak waarvan *Die Matie* hom onwrikbaar gewy het.

**Oktober 1943:—**
**U.S. steun U.K.O.V.S.**

Luisterryke heldedag aangekondig met prof. J. de W. Keyter en prof. dr. P. J. Schoeman as feesredenaars.

15 Oktober: „U.S. steun U.K.O.V.S. ..*in hul bittere stryd om die handhawing van hulself, hulle Christelike en Afrikanerbeginsels, tot voortbestaan van enigste Afrikaanse Hoëronderwys-inrigting in, en vir, die deurgaans Afrikaanse Vrystaat*".

**29 Oktober 1943:—**
**A.N.S. Kyk Terug**

1943 — „Nasieliefde, nasiediens!" . . . . „In die jaar wat kom sal die A.N.S. voortgaan om 'n positiewe en suiwer-Afrikaanse rigting te verseker vir die Afrikanerstudente op Stellenbosch.

◆◆◆◆◆◆◆◆◆◆◆◆◆◆◆◆◆◆◆◆◆◆◆◆◆◆◆◆

## Eitemal In Voorlesing

**Op 10 Oktober sal die feesredenaar van Heldedag, dr. Erlank, 'n voorlesing op Stellenbosch hou oor 'n suiwer letterkundige onderwerp. U word baie dringend gevra om aan Eitemal, 'n man wat, hoewel nie self 'n oud-Matie nie, 'n baie hoë dunk van Stellenbosch koester, daardie Vrydagaand 'n stampvol saal te bied.**

◆◆◆◆◆◆◆◆◆◆◆◆◆◆◆◆◆◆◆◆◆◆◆◆◆◆◆◆


### *WEET U?*

**U weet seker hoe swaar dit soms is om geldjies te kry vir die ditjies en datjies?**

Sorg dat u toekoms nie, ná 'n suksesvolle Universiteitsloopbaan, deur gebrek aan geldelike vermoë belemmer word nie. Jong professionele manne en vroue weet dat hulle sal miskien lank moet wag voordat hulle 'n winsgewende betrekking sal kan opbou. Dokters of prokureurs moet 'n praktyk of vennootskap koop. Die maklikste en beste manier om u planne te bewerkstellig is om nou te spaar en u besparings in UNIE-LENINGSERTIFIKATE te belê.

**Koop hulle deur middel van Negepennie Spaarseëls, of vir kontant, by enige Poskantoor.**


# Moet Ons Die Kultuur Van Nie-Blankes Erken?

## Belangwekkende Besprekingspunt Saterdagaand Voor U.S.-Debat

**Alle studente word hartlik uitgenooi na die vergadering van die U.S.-Debatsvereniging, Saterdagaand, 17 Aug., in ,die Huishoudkunde saal. U sal nou die geleentheid hê om u mening uit te spreek oor 'n saak wat hoe langer hoe meer ons aandag opeis, nl. die kwessie van kulturele bydraes tot die Afrikaanse kultuurskat deur nie-blankes.**

Moet ons b.v. die poësie van die kleurling Petersen, uitgege in die bundeltjie „Die Enkeling", beskou as 'n bydrae tot die Afrikaanse kultuurskat?

Moet ons sodanige poësie op ons kunswedstryde vir blankes voorskryf soos tans die geval was op die onlangse Stellenbossche kunswedstryd? — om maar een aspek van die saak te noem. Kom hoor wat mnre. Luther van As en Krets Oosthuizen oor die saak te sê het. En kom sê hoe u self daarteenoor staan.

DIE DEBATSVERENIGING HET OOK *U*, JUIS U ONDERSTEUNING NODIG!!

## HELDEDAG ! !

- *Onthou Donderdag, 10 Oktober.*
- *Laat dit u persoonlike eer wees om u studentegroep (koshuis of privaat-studente) se eer hoog te hou in sy aandeel.*
- *Sit die Voortrekkerdrag reg vir Heldedag.*
- *Laat Heldedag 1946 alle vorige vierings oortref in program en entoesiasme.*

## Proefpreek

**Graag wil ek alle studentevriende en ander belangstellendes vriendelik uitnooi na my proefpreek Sondagmiddag om 4 uur in die Moederkerk.**

**DANIE MOOLMAN.**


**KOTZE**

VAN KAAPSTAD

Maak Klere
Vir Kêrels
Wat Traak.

ADDERLEYSTRAAT 134


## Stellenbosch Voeg £550 Tot O.B. Fondse

Saterdag, 3 Augustus, was daar 'n groot doenigheid in die stadsaal aan die gang — met die gevolg dat die fondse van die Ossewabrandwag met meer as £550 gestyf is.

'n Basaar die oggend, met 'n groot verskeidenheid van ware wat te koop aangebied is, 'n uitstekende kafee, middagete, 'n verskeidenheidsprogram in die aand, is baie goed ondersteun — ook is gewaardeerde steun ontvang van menige nie-O.B.-lid. Die studentekommando's was verantwoordelik vir flinke bediening deur die dag en vir die volle aandprogram. Die direkte insameling van die studentekommando's het meer as £45 bedra.

VOLKSFRONT

Die aandverrigtinge is geopen deur dr. P. J. Coertze, hoofkommandant van die studentekommando's ,en dr. D. G. Franszen het 'n kernagtige toespraak gehou. Hy het veral aan die hand van statistieke die allesoorheersende probleem vir Suid-Afrika, dié van nie-blanke oorheersing, geskets en beklemtoon: **„Daar is net een oplossing," het dr. Franszen verklaar, „die blanke Afrikanerdom moet saamstaan in 'n volksfront om die gevaar die hoof te bied. Laat ons 'n verenigde front toon teen die dreigende gevaar."**


**Foon 94**
**Santy se Bottelstoor**

*En probeer ons groot verskeidenheid Soetwyne en keurige Aptyt-drankies.*

**R. W. VAN RIJN**

**BRILMAKER**

**Bring u oogarts se voorskrif na my. Groot verskeidenheid in die modernste Brilrame, asook raamlose modelle. Spesiale afslag vir studente.**



**5DE VERDIEPING — GROOTE KERKGEBOU — KAAPSTAD**

# NAVORSING AAN ONS UNIVERSITEITE

**Die wetenskaplike wêreld staan vandag in die teken van die intensiefste navorsing op elke denkbare gebied en seker die hoogste prestasie wat totnogtoe bereik is, is die splitsing van die atoom deur die Duitse professor Otto Hahn en die vernietigende toepassing van hierdie ontdekking deur die Amerikaners in die samestelling en gebruik van die atoombom.**

Dat ook Suid-Afrika met sy eie besondere probleme die behoefte aan en die noodsaaklikheid van intensiewer navorsing besef, blyk uit die aanstelling deur die Regering van 'n Raad vir Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsing.

In sy openingsrede voor die eerste vergadering van hierdie Raad op 8 Oktober 1945 het Generaal Smuts die noodsaaklikheid en belangrikheid van intensiewer navorsing ooreenkomstig die behoeftes en eise van die land besonder sterk beklemtoon en gewys op die tweeledige doel van die Raad, nl. om navorsing in die breedste wetenskaplike betekenis en aspekte te lei en om navorsingsmiddele te organiseer en te beheer. 'n Groot en belangrike deel van die werk, het hy opgemerk, „sal ongetwyfeld wees om die bedrywighede van universiteite vir navorsing in te span". Hiermee het generaal Smuts 'n saak te berde gebring wat ons universiteite baie van naby raak, die vraag nl. wat daar aan navorsingswerk aan ons universiteite gedoen word; en daarby het die Generaal kritiek oor ons universiteite uitgespreek, wat wel van naderby bebehoort te word.

„Onder die huidige stelsel is ons universiteite te veel — feitlik uitsluitend — besig met onderwyswerk, en baie van die geleenthede van universiteite gaan op dié wyse verlore. Hulle voldoen nie aan wat een van hul belangrikste funksies moet wees nie, die opleiding van manne vir navorsing".

Hier word twee belangrike funksies van universiteite genoem, nl. die primêre van onderwys en die sekondêre van navorsing; en sonder die eerste is die tweede ook nie wel moontlik nie.

Dat die eerste by ons Suid-Afrikaanse universiteite so sterk op die voorgrond staan, hang met hulle ontwikkeling saam. In vergelyking tog met universiteite uit die noordelike halfrond is dié in Suid-Afrika baie jonk en ons landsomstandighede en onderwysinstellings bring dit mee, dat ons uinversiteite studente opneem wat verstandelik en geestelik deurgaans minder ontwikkeld is as dié aan daardie universiteite. Dat die aanvangswerk aan ons universiteite feitlik uitsluitend onderwyswerk is, spreek dus vanself; maar so is dit trouens van die vroegste tye af aan alle universiteite gewees en is dit vandag nog aan alle universiteite wat nie bloot tegnies ingestel is nie. Die vraag moet dus maar wees: Wat word daar na die eerste voorbereidende onderwyswerk aan ons universiteite aan navorsingswerk gedoen, of soos die Generaal dit uitdruk, aan „die opleiding van manne vir navorsing"? En hierop sou 'n mens dadelik kan opmerk, is dit wel billik om op hierdie stadium van ons jong Suid-Afrikaanse universiteite met hulle byna volslae gebrek aan die nodige fasiliteite vir navorsing veel meer as onderwyswerk te verwag?

Maar voordat ons op hierdie vraag ingaan, sal dit goed wees om 'n kykie in die buiteland te neem, wat ons almal jaloers sal maak, want hier kry ons te doen met die groot, beroemde wêreldiuniversiteite soos Parys, Berlyn, Londen, Harvard, Yale, Columbia, om maar enkeles te noem, met hulle tien- tot veertigduisend studente, universiteite wat naas hulle doseerwerk ook sterk tegnies ingerig is; en dan kry ons verder ook bloot tegniese universiteite, veral in Amerika, soos die Massachusetts Institute of Tecnology en die Passadena Institute of Technology in California, waar alleen gegradueerde studente vir gevorderde navorsingswerk toegelaat word, en soos Charlottenburg, München en Aken in Duitsland voor die oorlog, en in groot mate ook Leeds en Sheffield in Engeland. Aan hierdie universiteite is as professore verbonde dikwels die grootste outoriteite op industrieel-tegniese gebied. Tegelyk met hierdie professoraat is hulle spesialiste en konsultante vir die industrieë.

Dit is 'n doodgewone saak dat hulle net een lesing per week gee en in baie gevalle net gedurende een smester, en verder hul tyd aan navorsingswerk bestee, soos die verhaal dit het van die Duitse professor by wie die Keiser op besoek gekom het. Toe hy die Keiser meedeel dat Assiriologie sy vak is, vra die Keiser of hy ook baie studente het. „Die hemel sy gedank, Majesteit," was sy antwoord, „ek het geen studente nie; nou kan ek my tyd aan navorsingswerk bestee". Dit wil sê, aan sulke universiteite word die geleenthede en fasiliteite geskep om beide die nodige doseerwerk, waarvan ons nooit kan wegkom nie, te doen en ook die nodige navorsingswerk. As ons nou vra hoe dit aan ons jong Suid-Afrikaanse universiteite gestel is, dan vind ons dat ons professore meestal soos verheerlikte skoolmeesters moet optree. Behalwe baie doseerwerk, dikwels van tien tot vyftien of selfs meer ure in die week, het hulle stapels korreksiewerk of eksamenskrifte om na te sien en het dié in die natuurkundige vakke byna elke namiddag praktiese werk met talle studente in die laboratoria. Om met 'n paar gevorderde studente, laat staan alleen, navorsingswerk te doen, daarvoor verskaf Suid-Afrika aan sy universiteite nóg die tyd nóg die fasiliteite.

Wat aan ander Suid-Afrikaanse universiteite, byname aan Onderstepoort, op hierdie gebied gedoen word, laat ons nou daar. Op Stellenbosch word, onder beperkende omstandighede, aan die beginsels van navorsingswerk altans reeds heelwat gedoen.

Na die bereiking van 'n graad word daar dikwels van agtien maande tot twee jaar bestee om 'n Magisters-graad te behaal, en moet vir dié graad een of ander ondersoek ingestel word. Al word hierdeur nog nie die navorser klaar geproduseer nie, word tog die metodes en prosesse van ondersoek nagegaan. Die student word geleer hoe om naslaanwerke te raadpleeg, hoe om gebruik te maak van 'n uitgebreide biblioteek of argief, hoe om analises te maak, sowel teoreties as prakties. As vrug van hierdie werk kan verwys word na die publikasies in die *Annale van die Universiteit van Stellenbosch*, waarin waardevolle resultate van oorspronklike navorsingswerk van dosente en studente gevind word. As daar verder gelet word op die direkteure of assistent-direkteure of hoofde van departemente op industrieel gebied in Suid-Afrika, dan sal daar gevind word, dat baie van hulle hul eerste vorming, veral in die beginsels van navorsingswerk, op Stellenbosch ontvang het.

Maar generaal Smuts beloof die Navorsingsraad ook finansiële steun vir die oprigting van meer laboratoria en (ander?) universiteite. Ons sou sê, waarom nie by die bestaande universiteite met hulle laboratoria begin nie en aan hulle die so nodige fasiliteite verskaf om „aan een van hul belangrikste funksies, die opleiding van manne vir navorsing" te voldoen nie?

Want op die oomblik word nie alleen die fasiliteite nie verskaf nie, of altans uiters karig, maar wat baie erger en onheilspellender is, met die nuwe Raad vir Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsing word die universiteite van baie van hul beste kragte beroof. In plaas van die hande van die universiteite met die oog op die soseer verlangde en noodsaaklike „opleiding van manne vir navorsing" te versterk, is die Regering besig, soos meermale in die verlede, om hulle hande af te kap deur van hulle beste kragte weg te neem, en dan kom die hoof van die Regering en wys daarop dat die universiteite nie aan een van hul belangrikste funksies voldoen nie.

Ons wil die suggestie waag dat die Regering met hierdie sterk sentralisasie van navorsingswerk onder een hoof, laat die nóg so voortreflik wees, en op een plek, en die aftapping van die beste kragte van die bestaande inrigtings, die algemene saak van navorsing minder goed kan dien dan deur die bestaande inrigtings sterk te steun en uit te bou; en tot stawing van die suggestie verwys ons na die verspreiding van belangrike inrigtings vir navorsing in lande soos Engeland, Amerika en die vooroorlogse Duitsland, waar navorsingswerk van die universiteite uitgegaan het en die groot nywerhede eers later op eie gespesialiseerde gebied navorsingswerk onderneem het.

(Oorgeneem uit *Die Stellenboschse Oud-Student*).

# WAT BETEKEN J. 1946?

## Groot Doenigheid Agter Die Skerms In Ons Eikestad

**Temidde van die verslappinge op sommige gebiede in Matieland en die akademiese betoginge van ons proffies, is die Juniors van 1946 net ene vuur en vlam. Die gees het sommer opnuut hoogtes beryk met die koms van die eerste jong botsels aan die eikebome.**

So het ons opgemerk dat gedurende die afgelope week hulle hul onderskei deur die wit knopie met die J 1946 daarop — die eerste van sy soort.

Maar soos alle vorige jare moet die seniors dit ontgeld op alle gebiede. Die gaste by een van ons Dameskoshuise is dan ook subiet onthaal op 'n skoenuitstalling. Rooi skoene, wit skoene, blou skoene en van alles en nog wat.

Op die vredeskonferensie in Parys kan jy verskillende soorte vlae aanskou, verteenwoordigende verskillende lande, maar die Juniors sorg dat hulle 'n vlagparade hou wat selfs Stellenbosch se stadsraad nie sou kon nadoen met die koning se besoek nie. Want waar gaan hulle die verskillende kombinasies van kleure en nagklere kry soos dié wat die Juniors gebruik?

Maar die weer vir Juniordag is dan al hier. Hoe kan ons dan ook anders as om te verwag dat hulle nie sal deel in die volheid wat die natuur bied nie!

Saam met die lente wat kom, kom ook die gissings omtrent Juniordag. Seniors se rus word verstoor deur nagtelike geselskappe op pad...... waarheen? Maar die gissings sal bly totdat hulle een nag wakker word van die gesing van 'n koor wat besiel is met die gees van die Lente.

## Afskeid Geneem Van Dr. Coertze

Maandagmiddag het die dosente en studente van die departement Bantoe-Volkekunde van dr. P. J. Coertze afskeid geneem. Lede van die doserende personeel het 'n kort woordjie tot dr. Coertze namens die verskillende afdelings van die departement gerig.

Daar is met lof melding van gemaak dat dr. Coertze verskillende monumente op Stellenbosch agterlaat. Daarvan is die Volkekundemuseum en die B.T.K. seker alombekend. As 'n persoon wat met besondere toewyding aan sy vak gewerk het, is sy grondige kennis van verskillende Bantoe-tale 'n feit wat van die vertrekkende dosent 'n waardevolle lid van die personeel gemaak het.

*Dr. Coertze het 'n groot taak voor hom. Hy moet in die volgende maande sy kragte inspan in die organisering van die Universiteit van S.A. se afdeling vir eksterne studie.*

*Aan hom is 'n tjek oorhandig deur dr. P. J. Schoeman namens sy oud-kollegas en die studente.*

E. MARSH se
PAARL STOOMWASSERY
tot u diens vir
- WAS
- DROOGSKOONMAAK
- KLEUR

Agente:
DE WET BROERS, Stellenbosch
STELLENBOSCH.

ONDERSTEUN
DIE ALOMBEKENDE FIRMA
Vir
LEWENSASSURANSIE
Raadpleeg
W. S. MALHERBE
SANLAM
Kantoor: Birdstraat 13, Foon 486.
Huis: De Waalstraat. Foon 222.

## Wat Haper Aan Ons Voetbal-afrigting

Stellenbosch,
13 Augustus 1946

Die Sportredakteur,
DIE MATIE.

Waarde Heer,

Dit is teleurstellend dat ons voetbalspan nognie vanjaar gedoen het wat van hulle verwag kan word nie. Die eerstespan het nou wel 'n reeks oorwinnings op hul kerfstok, maar hulle het nog gladnie vertroue by hul ondersteuners ingeboesem nie. Daar is soveel ooglopende tekortkominge dat 'n mens nie kan help om na die fout te soek nie.

Ek wil aan die hand doen dat die afrigting van die spanne op 'n baie meer planmatige wyse aangepak word. Ek wil my nie voordoen as 'n gesaghebbende nie maar dit kom my voor asof daar sekere elementêre beginsels is wat in ag geneem moet word wanneer 'n span gebrei word.

In die eerste plek is dit 'n voorvereiste vir enige speler dat hy vorm sal hê. Dit besef ons breiers terdeë. Maar hulle besef blykbaar nie dat dit elke speler se persoonlike verantwoordelikheid is om te sorg vir sy kondisie nie. Die speler moet vorm hê voordat hy na die oefenveld kom. **Daar is soveel dinge in rugby wat geleer moet word dat daar eenvoudig nie tyd is om die oefeninge op te offer om wind te kry nie. As 'n speler nie gewillig is om homself op te pas nie dan moet hy nie toegelaat word om die oefeninge by te woon nie. Indien hierdie beginsel streng toegepas word dan kan die onnodig harde oefeninge wat die oorsaak is van die meeste beserings aan die begin van die jaar, afgeskaf word.**

Wat die gesamentlike oefeninge betref, sou ek sê dat daar veral aan twee aspekte van die spel aandag gewy moet word. Eerstens is daar die meganiese of onbewuste bewegings wat die grondslag van enige goeie voetbal vorm. Hieronder sou ek noem die ontvang en aangee van die bal, vinnige en akkurate skopwerk, die snelle vorming van 'n stewige losskrum, lynstane, dribbel, ens. Hierdie dinge moet herhaaldelik geoefen word totdat hulle heeltemal onbewus uitgevoer kan word.

Geen mens kan aan twee dinge gelyktydig dink nie. As 'n senter moet dink hoe om 'n bal te vang en terselfdertyd soek na 'n gaping dan gaan hy of die bal misvat of te laat wees vir die gaping. Daarom moet hy leer om die bal op meganiese, onbewuste wyse te ontvang.

**Dit klink miskien belaglik maar volgens my mening is die onsamehangende spel van ons voorspelers en die gebrek aan deurdringingsvermoë by ons agterspelers, juis tewyte aan die feit daar nie genoeg aandag aan hierdie meganiese bewegings gewy word nie. Ongelukkig word die geleentheid om hierdie bewegings aan te leer nie gebied by die wedstryde wat op Stellenbosch gaan onder die naam van oefeninge nie.**

Die tweede essensiële aspek van oefening is die aanleer van samespel en taktiek. En hier wil ek beswaar aanteken teen die wyse waarop ons spanne gekies word. Dit gebeur selde of nooit dat die span wat Saterdag speel Donderdag saam geoefen het. Die gevolg is dat spelers mekaar nie ken om taktiese bewegings met mekaar uit te voer nie. Waarom kan die span-

(Vervolg in volgende kol.)



Stellenbosch,
12 Augustus 1946.

Die Redakteur,
DIE MATIE,
Stellenbosch.

Waarde Heer,

Moontlik sal u vreemd opkyk as u sien waaroor hierdie brief handel, maar aangesien dit m.i. die mees doeltreffende manier is om die breë studentemassa daarmee bekend te maak, plaas ek dit in „Die Matie."

Die briefie handel oor „dansery"—Nou-ja, dit help nie om altyd te kritiseer en stukkend te pluk nie—maar mens voel tog dat daar selfs op 'n dansbaan soiets as etiket moet wees. (Mnr. die Redakteur en die geagte lesers, moet asb. net nie dink dat ek my onderwerp aan die tirannie van die konvensie nie!) Elke persoon hou sy eie opinie (altans hy behoort) na i.v.m. dans as sou dit verkeerd of reg wees. Dit is miskien nie ter sake by wat ek graag wil beklemtoon nie.

My beswaar geld egter teen die gedrag en handelwyse van nie net buitestaanders nie, maar ook studente. As u wil moleste maak, nadat u, u innerlike mens gedeeltelik of heeltemal vol alkohol gegooi het, wees so vriendelik om dan 'n twis met vriende buite die dansvloer te besleg. 'n Beter plan sou wees om te probeer teen 'n boomstam (kies een met baie skurwe plekke en skerp takke) vas te hardloop en te kyk of hy sal terugslaan! Laat die mense, wat van plan was om hulle aand te geniet en rustig op die maat van die musiek voort te dans, in vrede.

Verder kan u, Meneer, as u in 'n wisseldans met 'n juffrou gedans het, gerus 'n buiging maak daarna of tenminste die dametjie wat u die plesier gedoen het om met u te dans, 'n vriendelike „Dankie" toe te voeg.

En u, Mejuffrou, kan ook u deeltjie bydra as u, u vriendelikheid in 'n glimlag betoon.

Laat ons ook die mooi atmosfeer in die danssaal openbaar en handhaaf.

Hartlike dank vir plasing,

Die uwe,
HUIS-VILLIET.

---

(Vervolg vanaf voorgaande kol.)

ne alreeds Dinsdagaand gekies word sodat hulle Donderdag kan leer om met mekaar saam te speel nie?

'n Mens sien selde dat een van ons spanne 'n plan op die veld uitwerk. Die bal word eenvoudig uitgeslinger na die snellers in die hoop daar wel iets sal gebeur. Teen 'n goeie span sal daar nooit iets gebeur nie.

Ons moet ons eie kanse skep deur vooraf definitiewe planne uit te werk. Dit is hierdie doelloosheid en planneloosheid wat veral by 'n studentespan so teleurstellend is. 'n Mens sou verwag dat ons tyd sal neem om taktiek te bespreek en te oefen. Maar nou doen ons dit nie, met die gevolg dat mense kan opstaan en sê dat die spelers van Stellenbosch nie kan dink nie.

Met dank vir plasing,
Die uwe,
KOOS.

(Vervolg van bls. 2, kol. 4)

Op die tweede vergadering, 15 Mei, hou dr. P. Schoeman 'n uiters interessante lesing oor „Die Romantiek van Donker-Afrika." Die verskillende spore van Afrika word bespreek, o.a. die bloedspore wat betref die jag en die dansspore wat betrekking het op die romantiese lewe van die naturellevrou.

Mevrou Smit spreek die dames op die 15de Junie toe oor die onderwerp „Pas verfynde gedrag vandag nog by ons dames?" Daar word o.a. ook op 'n paar etiketreëls gewys.

Op die vierde vergadering, gehou 22 Augustus, voer mej. Jooste die woord oor: „Die vrou in haar huis."

Op die 19de Sept. hou mev. J. de Villiers nog 'n interessante lesing oor 'n saak wat na aan die dames se harte lê, nl. „Geskikte kleredrag vir dames." Die modelle wat gebruik word, vind groot byval onder die dames.

Die laaste vergadering van 1944 sluit die jaar af met mev. Schoeman as spreekster. Die onderwerp was „Geboorte en Veneriese siektes."

Die bestuur vir 1945 is soos volg: Voorsitster: mej. Martina Roos; sekr.: mej. Joyce Freund; tesouriere: mej. Jeanne Rossouw. Mej. Louw sal ageer as presidente.

Dr. Erika Theron spreek die eerste vergadering toe op 10 April 1945. Die onderwerp, „Die laagbesoldigde meisie in die Stad" het menige dame laat besef hoe bevoorreg sy is.

By die volgende twee geleenthede spreek mnr. W. M. van der Westhuizen die dames toe oor „Die Regsposisie van die vrou" en mnr. Smit oor „Hoe ons persone beïnvloed".

Die voorsitster stel mev. Helena Dreyer voor aan die dames op 18 Sept. Haar praatjie was „Die Amerikaanse vrou as student en in die samelewing."

Die laaste vergadering van 1945 word afgesluit met 'n lesing deur

(Vervolg in volgende kol.)

## Onder Onsies

*Mnr. Jack Bennie* van Dagbreek het die naweek sy geboortedag herdenk.

* * *

*Mej. Dora Louw*, 'n vriendelike medewerkster van „Die Matie", het Woensdagaand haar mondigwording met 'n vrolike geselligheid in Huis-de-Villiers gevier.

## Die Universiteit Ly Nog Verliese

*Dr. M. S. du Toit*, hoof van die Vrugtenavorsingstasie, is benoem tot Onder-sekretaris van Landbou.

* * *

*Mnr. W. Steenkamp*, senior lektor in Werktuigkundige Ingenieurswese het ook 'n betrekking aanvaar onder die Navorsingsraad in Pretoria.

(Vervolg van vorige kol.)

mev. Prof. Reitz oor „Blomme en Blomrangskikkings". Sy gee waardevolle wenke en kritiseer die rangskikkings wat gemaak is deur die damestudente. By die geleentheid word daar afskeid geneem van mej. Roos. 'n Spesiale vergadering is op 1 Nov. gehou vir die kiesing van die bestuur vir 1946. Presidente: mej. L. Louw; voorsitster: mej. I. Murray; sekretaresse: mej. L. van Velden; tesouriere: mej. E. Louw.

'n Besondere interessante lesing is deur mev. Van Nouhuys oor „Beauty Culture" op die eerste vergadering, 28 Maart, gehou. Voorbeelde is uit die dames geneem. Op die 15de Mei hou mev. Schoeman 'n lesing oor „Interessante dele van die V.S.A." wat groot byval gevind het.

**Dit is „Die Matie" se wens dat hierdie vereniging met sy goeie werk onder die damestudente sal voortgaan voortgaan.**

So pas ontvang

GRAMMOFOONPLATE
MUSIEKINTSRUMENTE

* * *


Nuwe voorrade word
elke dag ontvang

Besigtig ons venster

PRO ECCLESIA-
BOEKHANDEL

Posbus 29 — Stellenbosch.

Rook Springbok-Sigarette



# BOTSING MET SOMERSET-WES IN DIE STRAND

## Maties Behoort Bordjies Te Verhang

**Die moontlikheid dat Stellenbosch môre met hulle segetog, wat hulle selfs verlede Saterdag teen die gedugte Ikeyspan gehandhaaf het, sal voortgaan, is groot. Aan die begin van die seisoen het die Dinamietboere die Maties 'n nederlaag van 12—3 toegedien. Somerset-Wes kry dit môre egter met 'n heeltemal ander span te doen as wat toe die geval was. Die Matie-oorwinnings gedurende die afgelope paar weke spreek vir hulself. Op grond hiervan wil ek beweer dat Stellenbosch daarin behoort te slaag om die bordjies hierdie keer te verhang, en weerwraak te neem op die pak slae wat hulle vroeg in die seisoen gekry het.**

SKRUMWERK MOET VERBETER

In die wedstryd verlede week teen Ikeys was dit erg in die ooglopend dat die ses Ikey-voorspelers ons voorosse terdeë om besit van die bal geklop het. Dit getuig egter nie van swak haakwerk aan die kant van Basson nie, maar 'n fout in die skrum. Moontlik het Sennett die bal te diep in die skrum laat grondraak, met die gevolg dat Basson die bal telkens in die lug gehaak het, wat natuurlik 'n oortreding van die reëls is. Daar mag egter ook ander haakplekke wees wat verhoed het dat die bal gehaak is. Hierdie foute, wat hulle ookal mag wees, moet so gou moontlik oorkom word. Stellenbosch sal nie elke wedstryd die geluk hê om teen 6 voorspelers te speel nie, en met die teenstanders gedurig in besit van die bal, is 'n nederlaag nie maklik vry te spring nie. Die lynstaanwerk laat ook veel te wense oor. Du Randt kan nie alleen die bal aan sy skrumskakel besorg nie. Die ander spelers moet sodra hy grondvat, om hom pak om te verhoed dat die bal van hom afgeneem word.

As hierdie foutjies opgeknap kan word, behoort die Maties Somerset-Wes se voorhoede goed in toom te hou. Die Matie-voorspelers is dieselfde as verlede week, behalwe dat Furter in Jan Burger se plek agter die skrum druk. Burger het 'n besering opgedoen wat hom 'n rukkie van die veld sal hou.

In die losspel is die Dinamietboere met John Morkel aan die spits, egter erg woelig, en ons voorspelers sal goed moet saamspeel as hulle nie in hierdie vertakking van die spel oorskadu wil word nie.

DAAR BETER AAN TOE

Wat die driekwarte betref, is Stellenbosch daar beter aan toe as Somerset-Wes. Ons agterlyn sal daar heelwat anders uitsien as wat tot dusver die geval was. Nic Michau sal die heelagterposisie vul, daar De Kock nog nie kan speel nie. Michau sal seker ietwat ontuis voel in die nuwe posisie. Hy beskik egter oor goeie hande en voete, terwyl sy verdediging niks te wense oorlaat nie. Hugo en Bekker sal nie kan speel nie, en gevolglik sal Turner en Watson die vleuels uitmaak. Lategan, wat weer senter speel sal heelwat meer slaankrag aan ons driekwarte verleen. Van Zyl, wat van die derdespan af opgeskuif word, sal langs Lategan speel. Dis goed dat hierdie veelbelowende senter 'n kans kry. As senterpaar behoort hierdie twee goed saam te speel. Du Toit en Sennett sal weer die skakel tussen die voor- en agterspelers vorm. Hierdie driekwartlyn boesem heelwat vertroue in.

Somerset-Wes beskik oor 'n goeie skakelpaar in Groenewald en Bisogno. Laasgenoemde het veral goeie voete, en hy sal fyn dopgehou moet word wanneer hy bine trefafstand is. Verder beskik die Dinamiet-boere nie oor 'n wonders agterlyn nie.

Op grond van die feit dat ons voorspelers 'n gelyke aandeel in die spel behoort te hê, dat ons driekwarte heelwat mer slaankrag openbaar as dié van Somerset-Wes, behoort Stellenbosch die louere in te oes. Trouens dit sal my verbaas as hulle nie 'n oorwinning behaal nie. Die span is soos volg saamgestel. N. Michau; Watson, T. Lategan, K. van Zyl, L. Turner; W. du Toit en B. Sennett, W. Hugo, A. Basson, J. Horn, D. Swiegers, K. du Randt, A. Gouws, P. van Wyk, J. Furter.

HENDRIKSZ
die slagter, spesialiseer in
WORS en VLEIS
vir
BRAAIVLEISAANDE.
Andringastraat, Stellenbosch.

## Maccabi Geklop Deur Ons Matmanne

Verlede Saterdagaand het die Matiestoeiers vir die tweede maal binne 3 weke teen Maccabi te staan gekom. Waar dié totdusver-onoorwonne Jode-klub by die eerste geleentheid 'n oorwinning van vyf gevegte teen twee aangeteken het, deels omdat die horlosie die Maties trein-toe geroep het nadat slegs vier gevegte afgehandel was, is die bordjies hierdie keer verhang. Dit is Stellenbosch wat 5—4 geseëvier het.

Dit was nie 'n aand vir die kampioene nie — Rubin, van Maccabi, moes vir die tweede maal hierdie jaar Jooste as sy wenner groet; Fish, ook van Maccabi, het sy moses teengekom in Van der Merwe; Marinus is op punte geklop en vir die eerste maal is 'n val teen Meyer toegeken.

Veral Swiegers het 'n mooi vertoning gelewer en 'n geharde teenstander met 'n val geklop — Swiegers het die ideale bou en temperament van 'n stoeier. Ook Van der Westhuizen — 'n nuweling (kapokgewig) het slegs op punte verloor teen 'n ervare veergewig—teen dieselfde teenstander wat hom drie weke gelede met twee valle geklop het.

Die volledige uitslae is as volg:

**Veergewigte:** Jansen (U.S.) klop Jaffe op punte; Scheiner (Maccabi) klop Van der Westhuizen op punte.

**Liggewigte:** Van der Merwe (U.S.) klop Fish op Punte; Van Zyl (U.S.) klop Botha op punte.

**Weltergewig:** Marinus (U.S.) verloor teen Lotz op punte; Meyer verloor met 1 val.

**Middelgewigte:** Jooste (U.S.) klop Rubin op punte; Swiegers (U.S.) klop Zeuber met 1 val.

**Ligswaargewig:** Fleischmann (U.S.) verloor teen Levin op punte.

## Maties Gelykop Teen W.P.

Ten spyte van die feit dat die veld Saterdag besonder swaar was, het W.P. dit tog nie reggekry om die Maties te uitoorlê nie. Dit was egter nog tot kort voor die einde dat die telling 3—2 in W.P. se guns was. Die spel was taamlik eweredig verdeel in die eerste helfte van die wedstryd. Dit was egter ons geluk om eerste die bal in die net te kry. Daarna het W.P. reggeruk en met rustyd was die telling 2—1 in hul guns. Alhoewel Stellenbosch daarna met mening aangeval het, kon hul dit nie verder bring as 2—2 nie. Toe W.P. hul derde en laaste doel skiet, was daar net nog genoeg tyd vir die Maties om die spel gelykop te laat eindig.

In baie opsigte het die span as geheel seker teleurgestel, in die opsig veral, dat die pragtige samespel van Maandag ontbreek het. Die voorspelers het alte dikwels te ver agter die skakels gebly, met die gevolg dat die opponente kans gekry het om die bal af te neem, waardeur hul telkens baie veld gewen het. Daar was min



mooi bewegings en dit was net die goeie verdediging wat verhoed het dat die Maties verloor het. Hier en daar was daar tog goeie individuele werk wat die aandag gerek het. Onder die voorspelers het mej. Geyer uitgeblink deurdat sy besonder baie aangeval het en ook waar dit nodig was verdedigend gespeel het. Die ander binne-voorspelers, veral mej. Keyter kan daar baie van haar leer.

Saterdag speel die Maties teen die enigste onoorwonne span in die liga, nl. Tuine A. Die Tuiniere is besonder goed afgerig en hul samespel is van die beste. Dit is dus heel moontlik dat hul op die gruisveld tog daarin sal slaag om die Maties uit te stof. Die Stellenbossers is egter nie van plan om sommer tou op te gooi nie en die Rooies sal moet oppas as hulle nie wil geklop word nie.

(Vervolg vorige kol.)

(Vervolg van volg. kol.)

Dit is nou nie juis 'n groot waarskynlikheid nie, maar 'n mens kan nooit weet wat gebeur nie. Miskien slaag hul net daarin om ons op ons eie veld om die bos te lei. As die span egter weer dieselfde vertroue inpoesem wat hul met Intervarsity getoon het, sal Tuine dit ook gladnie so'n maklike wedstryd vind nie. Dat die span tot veel instaat is, het hul reeds getoon en ons kan miskien 'n verrassing besorg. Saterdag is die eerste span dus weer langs Sonop te sien om 3.30 n.m., teen Tuine A.

'n Goeie Geleentheid!

'n Geleentheid vir u volgende pak klere by die welbekende Snyers in Matieland. Ons kan na maande weer bestellings neem vir pakke klere.

Ons het 'n groot verskeidenheid Engelse stowwe beskikbaar vir die kieskeurige Matie.

Die Somer kom aan vir die witbroeke. Kom maak kennis met ons snyer se goeie snit, hy het jare van ondervinding agter die rug.

Gebrs. De Wet (Edms.) Bpk.

Foon 20. STELLENBOSCH Posbus 21.